

**20 November**

**Skrifgedeelte: Handeling 9:26-31 (Nuwe Vertaling)**

**Fokusgedeelte: Handeling 9:31**

**Lewe deur gehoorsaamheid!**

Ons lees hier dat die kerk 'n tyd van rus en vrede beleef het, dat dit gevestig geraak het, dat die kerk deur die Heilige Gees versterk is. God het in sy alwysheid geweet dat die kerk as jong bruid tyd nodig het om volwasse te word, sterk te word, in haar troukleed in te groei alvorens die wreedste vervolging denkbaar begin toeneem het.

Hierdie was 'n tyd van sterk word en weerbaar raak vir die kerk. Om in te groei in die troukleed wat die Bruidegom sou welgeval, het God deur sy Gees die kerk gelei tot gehoorsaamheid. Die ledetal van die kerk het toegeneem en die kerk kon haarself vestig in die wêreld, maar die invloed van die kerk in die wêreld sou niks werd wees as die lewe van die kerk nie in gehoorsaamheid gegrondves is nie.

Dit wat God vir sy kerk gee (deur sy Woord), is dit wat Hy wil hê die wêreld ingedra moet word (deur evangelisasie) om dissipels van alle nasies en tale te maak (groei). Aan hierdie Woord van genade en redding, soos deur die Gees opgeskrywe en in ons harte ingedra, moet ons gehoorsaam wees, want buite-om die evangeliewaarheid van Jesus Christus is daar nie lewe nie.

Die Outeur van die Bybel is ook die Outeur van God se wil op die tafels van ons harte. En die Gees en die Woord werk saam. Die Gees dra die lieflike heilsfeite van Christus se verdienste in ons lewens en in ons harte in sodat ons vandag steeds geestelik kan lewe en kan groei, steeds as kerk kan ingroei in die bruidskleed, wagtende op die bruidegom.

Groei geduldig. Die Gees werk menslik gesproke nie altyd in oormaat nie, maar altyd genoegsaam. As jy in jou groei terugslae beleef, gaan gehoorsaam met jou lewe na God toe. Hy sal op sy tyd rus en vrede gee en deur sy Woord en Gees jou lewe weer vestig.

*Sing: Skrifberyming 1-1:7*

*Dr SP van der Walt (Benoni-Noord)*